



## **OUERLEIDING**

Ouers en dikwels ook die grootouers en ander familie wat jong kinders versorg, het dikwels leiding en hulp nodig ten opsigte ouerskapvaardighede. Daar bestaan reeds verskillende programme waarby ouers en versorgers kan baat.

**Botswadi ouerleiding :** Botswadi beteken “om’n ouer te wees” en dit word aangebied in groepsverband. Dit is ’n bekostigbare program en maklik implementeerbaar. Dit het ’n baie verbruikersvriendelike werksboek vir elke groepslid en ’n handleiding vir ’n groepleier. Die program bestaan uit sewe (7) hoofstukke en word in minstens sewe sessies aangebied. Dit word gebaseer op die konsep dat die versorging van ’n kind met ’n tafel vergelyk kan word. Elke poot van die tafel verteenwoordig ’n deel van die versorging. Daar is vier aspekte nodig vir ’n kind om ’n gebalanseerde volwassene te wees. Fisiese versorging, liefdevolle versorging, leergeleenthede en om te leer wat reg en verkeerd is sodat verantwoordelikheid aangeleer word.

Daar is ook verskillende pamflette beskikbaar : HIV and Aids ; Children and sex; Parents and smart children; food; abuse ; discipline and respect ,Teenagers etc.

Die inligting en geleentheid om opgelei te word in diè program , kan bekom word by die SAVF Ouerleidingsaksie, Posbus 40526, Arcadia 0007.Tel: 012 3253920, Faks 012 324 4109 , epos: hoofbestuur@savf.co.za



**Wings to be a father :** Dit is 'n program wat KZN CMD ontwikkel het, ten einde seuns (12-18 jaar) toe te rus met vaardighede om 'n pa te wees. In KZN het 93% van die kinders nie 'n vader- rolmodel nie. Daar is dikwels net 'n ouma as versorger. Die program is baie basies met 'n werksboek en 'n aanbieders-handleiding. Die program is self-verduidelikend en mag gedupliseer word. Dit is gebaseer op die kind se ontdekking van sy eie storie, monsters in sy lewe , wat 'n mens nodig het om'n goeie pa te wees en 'n plan vir die toekoms.

Die program is bekostigbaar en die aanbieder (verkieslik 'n manlike persoon) hoef nie gekwalifiseerd te wees of nie.

Die DVD "Courages" kan met sukses saam met die opleiding gebruik word.

Vir meer inligting kan Lizette van Niekerk KZN CMD gekontak word by 0833067016.

**Five love languages for children – Gary Chapman (with Ross Campbell)** dit is gebaseer op wat maak 'n kind se "emosionele tenk" vol en dit het dan tot gevolg dat die kind sy potensiaal kan bereik. Die boek kan met groot sukses gebruik word as handleiding vir 'n groep ouers. Dit behandel 5 "liefdestale" naamlik kwaliteit tyd, woorde van aanmoediging en goedkeuring, geskenke, aanraking en diensbaarheid aan. Dit is 'n Christelike gefundeerde opleiding en maklik verstaanbaar.

Die boek kos minder as R200 en om die opleiding toe te pas is maklik en opwindend . Die

boek is beskikbaar by Christelike boekwinkels.



### **Ouerskap Opleiding – Unicef**

Die Ouerskap-opleiding word gedoen vanuit die handleiding "Parental/Primary Caregiver – Capacity Building Training". Hierdie kursus is gemik op ouers met kindertjies van 0-5 jaar. Ouers wat hul ouerskapvaardighede wil ontwikkel, vind baie baat by hierdie groepe. Fasiliteerders soos maatskaplike werkers of persone uit die gemeente word opgelei om hierdie kursus aan te bied.

Dit is 'n baie interaktiewe opleiding en bestaan uit 11 modules wat oor 4 dae vir fasiliteerders aangebied word. Van die inligting wat behandel word is: Gesondheid en voeding, Speel en kreatiwiteit saam met die kleuter, Psigiese ontwikkeling, Sosiale en emosionele ontwikkeling, Intellektuele ontwikkeling, Veiligheid en beskerming, Gesonde gesinsverhoudinge, Positiewe dissipline, Hantering van rou en verlies.

Die oerleiding-groepe kan maandeliks of dalk weekliks aangebied word.

Tans bied Mev Z Volschenk en mev C van der Merwe in die Wes-Kaap hierdie kursus aan vir fasiliteerders wat groepe met ouers beplan. Die fasiliteerders sal voorsien word van 'n volledige handleiding. Vir meer inligting kan mev Z Volschenk gekontak word by 021-9577130.